kykNET Rapport BOEKPRYSE

## Boekresensent van die Jaar 2016

### Reëls & regulasies

Die kykNET-Rapport Boekresensent van die Jaar-pryse word toegeken vir uitnemende Afrikaanse resensies (fiksie en niefiksie onderskeidelik) wat in die voorafgaande kalenderjaar verskyn het. Die doel is om erkenning te gee aan Afrikaanse resensente wat die belange van boeke en leesgenot bevorder deur die wêreld van Afrikaanse boeke vir die breë Suid-Afrikaanse publiek toeganklik te maak. Die pryse dien ook as aanmoediging om hoë standaarde in die Afrikaanse boekjoernalistiek te handhaaf.

Pryse word toegeken in twee kategorieë:

- Afrikaanse fiksie (alle genres)
- Afrikaanse niefiksie (alle genres)

Die wenner van elke afdeling ontvang ’n kontantprys van R25 000.

Die 2016-pryse word toegeken vir resensies wat tussen 1 Januarie 2015 en 31 Desember 2015 in die drukmedia en hoofstroom-aanlynmedia of op onafhanklike webwerwe en derdeparty-blogs verskyn het. Geen resensies van eie webwerwe of blogs word aanvaar nie.

Slegs Afrikaanse resensies van Afrikaanse fiksie en Afrikaanse niefiksie sal oorweeg word.

**Die sluitingsdatum vir inskrywings is 31 Maart 2016.**

**Kriteria**
Belangrike vereistes is dat die resensie toeganklik vir die ingeligte deursneeleser en boekliefhebber moet wees en leesplesier verskaf. Met beoordeling sal ook voorkeur gegee word aan werk wat:

- oorspronklike insigte weergee
- ’n relevante verwysingsraamwerk en konteks toon
- ingeligte oordeel weerspieël met goed gemotiveerde en opbouende kritiek
- lesers lus maak om te lees
- begrip toon van die publikasie se teikenmark
- getuig van uitstekende en verfrissende skryfwerk.

Inskrywings hoef nie ’n sekere lengte te hê nie en die beoordelaars sal ruimtebeperkings in ag neem.

**Inskrywings**
’n Resensent mag ’n maksimum van tien (10) resensies per kategorie inskryf. Elke inskrywing moet die volgende insluit:

- ’n Inskrywingsvorm met sy/haar volle naam, adres en kontakbesonderhede, asook die publikasie waarin/plek waar die resensie verskyn het en die datum waarop dit verskyn het.
- Vyf volledige stelle knipsels, drukstukke of fotokopieë van die resensie. Resensies moet in die oorspronklik gepubliseerde formaat verskaf word.

Inskrywings sonder bogenoemde sal gediskwalifiseer word.

Inskrywings moet per koerier gestuur word na die afleweringsadres op die inskrywingsvorm, of soos gereël met die sameroeper, Anita van Zyl. Elektroniese inskrywings word nie aanvaar nie.

Geen inskrywingsgeld is betaalbaar nie.

**Prosedure**
’n Paneel van vier keurders wys ’n wenner aan uit die resensies wat ingeskryf is. Die keurders vir die 2016-pryse is Yvonne Beyers, Jomarié Dick, Piet Matipa en Bibi Slippers.

’n Kortlys van die drie beste resensies in elke kategorie sal voor die einde van Augustus 2016 bekend gemaak word. Die wenner word op 24 September 2016 saam met die kykNET-Rapport Boekpryse in Kaapstad aangekondig. Die reis- en verblyfkoste van wenners buite Kaapstad word deur die borge gedra.

Die beoordelaars behou hulle die reg voor om geen prys toe te ken indien geen resensie na hulle mening voldoende aan die kriteria beantwoord nie. Beoordelaarsbesluite is finaal en geen gesprek sal daaroor gevoer word nie.

Beoordelaarsbesluite is vertroulik en mag nie voor 24 September 2016 aan enigiemand bekend gemaak word nie.

Vir enige navrae kontak Anita van Zyl by 021 422 3350 of 083 709 6677 of anita@vanzylpr.co.za.

.